



Begripstoets - Lekker eet!




Kos Woordeskat ("Food Vocabulary")

ontbyt	- breakfast	hoender	- chicken	deeg	- dough
spek	- bacon	voedsaam	- nutritious	bolae	- toppings
poeding	- pudding	bestanddele	- ingredients	oond	- oven
eiers	- eggs	geregte	- meals or dishes	seekos	- seafood
lekkers	- sweets				

Lees die gedig deur Jaco Jacobs hieronder:

Eier vir ontbyt! deur Jaco Jacobs

*Eier vir ontbyt!
 Ons eet eier vir ontbyt!
 Gebak of geroer
 of gekook in die dop -
 ek eet altyd
 al my eier op.
 Vir 'n eierbroodjie begin ek
 my lippe af te lek
 enniks op aarde kom by
 eier saam met spek.
 Het jy dalk lus
 vir nog meer eierpret?
 Maak dan vir jou
 'n eier-omelet!
 Ek sal neus optrek vir poeding
 of selfs lekkers weier.
 Gee my veel eerder
 'n heerlike hoerdereier!*





Begripstoets - Lekker eet!



Beantwoord die volgende vrae in vol sinne, gebruik sover moontlik you eie woorde:

1. Hoe hou die **spreker** in die gedig (die 'ek' wat aan die woord is) van sy eiers?(3)

2. Wat is volgens hom die heel **beste manier op aarde** om jou eiers te eet? (1)


3. Die frase "*Vir 'n eierbroodjie begin ek my lippe af te lek*", beteken:
 (Onderstreep die regte antwoord) (1)
 - a) Hy lek sy lippe af, nadat hy die eierbroodjie geëet het.
 - b) Hy is so lus vir die eierbroodjie, dat hy nie meer kan wag om dit te eet nie.
4. Wat stel die spreker voor moet jy doen as jy nog lus het vir meer pret met eiers? (1)

5. Wat sal hy nie eers **in plaas van** eiers eet nie? (2)

6. Die woord "**eierpret**" is 'n voorbeeld van 'n **samestelling** (1)
 (eier + pret = eierpret). Kan jy nog twee sulke samestellings in die gedig vind?
 _____ + _____ = _____
 _____ + _____ = _____



Begripstoets - Lekker eet!



Eiers is propvol **vitamiene** en **proteïne** wat nodig is om jou gesond en sterk te hou!
Eiers is **voedsaam** en goed vir jou!

7. Voltooi deur die ontbrekende **enkelvoud**, **meervoud** of **verkleining** in te vul:

Enkelvoud	Meervoud	Verkleining
		eierbroodjie
	lippe	
poeding		

(3)

8. Kan jy aan nog **geregte** dink wat eiers as 'n **bestanddeel** gebruik? Noem ten minste twee. (2)

Totaal: /15



Begripstoets - Lekker eet!




Lees die leesstuk hieronder en beantwoord dan die vrae in vol sinne:

Waar kom pizzas vandaan?

Die eerste pizzas is in Napels in Italië gemaak. Dit was 'n voedsame kossoort waarin bestanddele soos meel, tomaties, kaas en olyfolie gebruik is.

Die pizzabasis word gemaak van meel, suurdeeg en water wat gemeng word om 'n sagte deeg te vorm. Die deeg word dun uitgerol in die vorm van 'n sirkel en dan kry die pizza 'n bolaag. Die oorspronklike bolaag was gekapte vars tomaties, mozzarellakaas en basiliekruid.



Die pizza word op 'n bakplaat in 'n warm oond geplaas en gebak totdat die deeg goudbruin en bros is en die kaas gesmelt het. Vandag kan 'n mens in baie lande pizza koop en daar word baie verskillende bolae gebruik - van pepperoni of hoender tot seekos, ham en pynappel.

Uittreksel uit "Waar kom dit vandaan?" Fantasi

1. Die titel van die leesstuk is "**Waar kom pizzas vandaan?**". Kan jy die vraag antwoord nadat jy die leesstuk gelees het? (1)

2. Om 'n pizza te maak moet 'n mens sekere stappe volg. (2)

Stap 1: Maak die pizzabasis

Voltooi nou self **Stap 2 en Stap 3**, in jou eie woorde:

Stap 2: _____

Stap 3: _____

Stap 4: Die pizza word in die oond gebak.



Begripstoets - Lekker eet!




3. Watter van die bestanddele wat in die eerste pizzas gebruik is, is **voedsaam** vir 'n mens? (2)


4. Hoe word die **pizzabasis** gemaak? (2)

5. Kies uit die woorde in die sirkel, die **gepaste teenoorgesteldes** van die onderstreepte woord: (5)

sagte deeg → _____ deeg
dun uitgerol → _____ uitgerol
warm oond → _____ oond
eerste pizzas → _____ pizzas
baie lande → _____ lande



6. Nou is dit tyd om jou **eie pizza** te maak! Skryf op die pizza **3 bestanddele** wat jy op jou pizza se bolaag wil hê. Gebruik die pizza langsaan om jou te help. (3)



meel, tamatie,
ham, melk, suiker,
rys, hoender, sop,
spek, kaas, joghurt

Totaal: /15

Groot Totaal: /30



Begripstoets - Lekker eet! - Memo



Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae in vol sinne:

1. Hoe hou die spreker in die gedig van sy eiers? (3)
Die spreker hou van sy eier gebak, geroer of gekook in die dop.
2. Wat is volgens die spreker die heel beste manier op aarde om jou eiers te eet? (1)
Die heel beste manier op aarde om eiers te eet, is saam met spek.
3. Die frase "Vir 'n eierbroodjie begin ek my lippe af te lek", beteken: (1)
 - a) Hy lek sy lippe af, nadat hy die eierbroodjie geëet het.
 - b) Hy is so lus vir die eierbroodjie, dat hy nie meer kan wag om dit te eet nie.
4. Wat stel die spreker voor moet jy doen as jy nog lus het vir meer pret met eiers? (1)
Die spreker stel voor jy moet 'n eier-omelet maak as jy lus het vir nog meer pret met eiers.
5. Wat sal die spreker nie eers **in plaas van** eiers eet nie? (2)
Die spreker sal nie eers poeding of lekkers kies bo eiers nie.
6. Die woord "**eierpret**" is 'n voorbeeld van 'n **samstelling** (eier + pret = eierpret). Kan jy nog twee sulke samstellings in die gedig vind? (2)
eier + broodjie = eierbroodjie
hoender + eier = hoendereier
7. Voltooi deur die ontbrekende **enkelvoud**, **meervoud** of **verkleining** in te vul:

Enkelvoud	Meervoud	Verkleining
eierbrood	eierbrode	eierbroodjie
lip	lippe	lippie
poeding	poedings	poedinkie

(3)

8. Kan jy aan nog **geregte** dink wat eiers as 'n **bestanddeel** gebruik? Noem ten minste twee. (2)
Baie geregte en kos het eiers in bv. soutertert (quiche), pannekoek, plaatkoekies, meeste poedings, eier en mayonnaise toebroodjies, eiers oor aspersies, bobotie met 'n eierbolaag, pasteie (eiers in die deeg), ens.



Begripstoets - Lekker eet! - Memo



Lees die leesstuk hieronder en beantwoord dan die vrae in vol sinne:

1. Die titel van die leesstuk is **"Waar kom pizzas vandaan?"**. Kan jy die vraag antwoord nadat jy die leesstuk gelees het? (1)
Pizzas is die eerste keer gemaak in Napels, Italië.
2. Om 'n pizza te maak moet 'n mens sekere stappe volg. (2)
Stap 1: Maak die pizzabasis
 Voltooi nou self **Stap 2 en Stap 3**, in jou eie woorde:
Stap 2: Rol die deeg uit in die vorm van 'n sirkel.
Stap 3: Kies watter bestanddele moet op die bolaag kom.
Stap 4: Die pizza word in die oond gebak.
3. Watter van die bestanddele wat in die eerste pizzas gebruik is, is voedsaam vir 'n mens? (2)
Meel, tamaties, kaas en olyfolie is van die bestanddele wat goed of voedsaam vir 'n mens is.
4. Hoe word die pizzabasis gemaak? (2)
Meel, suurdeeg en water word gemeng totdat dit 'n sagte deeg is.
5. Kies uit die woorde in die sirkel die **gepaste teenoorgesteldes** van die onderstreepte woord:

<u>sagte</u> deeg	harde deeg
<u>dun</u> uitgerol	dik uitgerol
<u>warm</u> oond	koue oond
<u>eerste</u> pizzas	laaste pizzas
<u>baie</u> lande	min lande
6. Nou is dit tyd om jou **eie pizza** te maak! Skryf op die pizza **3 bestanddele** wat jy op jou pizza se bolaag wil hê. Gebruik die pizza langsaan om jou te help. (3)
Gebruik enige van die volgende: tamatie, spek, ham, hoender, kaas.
Die ander bestanddele pas nie bo-op 'n pizza nie.